# Voorskool

Druk afdeling

## Gesels saam VOORSKOOL

### WELKOM

Laat die kleuters elkeen vertel watter gebedsrympies of -liedjies hulle ken. Gee vir almal kans om dit op te sê of te sing.

### WONDER

Jesus leer sy dissipels hoe om te bid deur vir hulle die Ons Vader-gebed (Matt 6:9-13) te gee. Ons gaan vandag hierdie storie vertel deur die prentjies in die regte volgorde te sit en die gebed te probeer onthou..

### WEES

Deel die hulpmiddel "Die Ons Vader-gebed" vir die kleuters uit. Laat hulle al die prentjies inkleur. Terwyl hulle dit doen, vertel vir hulle watter deel van die gebed elke prentjie verteenwoordig. Kram dan die prentjies saam om 'n boekie te vorm.

Laat die kleuters deur die boekie blaai en dit gebruik om die Ons Vader-gebed te bid.

### WEGSTUUR

Moedig die kleuters aan om aan die hand van hulle boekie die Ons Vader-gebed dié week saam met hulle huismense te bid.